Graad 7 EAT Inligtingsteks.

Lees die onderstaande teks goed deur en beantwoord daarna die vrae wat volg.

## Suid-Afrika se nasionale simbole

Die Suid-Afrikaanse volkslied

Nkosi Sikelel'iAfrika is 'n lied wat in 1879 deur Enoch Sontonga, 'n onderwyser by 'n Metodisteskool, geskryf is. Dit is in isiXhosa geskryf. Sontonga het die eerste strofe self geskryf. Die ander sewe strofes is deur Samuel Mqhayi geskryf. Moses Mphahlele het in 1942 'n Sesotho-weergawe uitgegee. Die Stem van Suid-Afrika is in 1918 deur CJ Langenhoven, 'n Afrikaanse digter en skrywer, geskryf. Die volkslied wat ons vandag het, word vanaf 1997 gebruik. Die volkslied is 'n kombinasie van Nkosi Sikelel'iAfrika en Die Stem van Suid-Afrika. In die volkslied wo3rd Engels, Afrikaans, isiXhosa, isiZulu en Sesotho gebruik.

Volkslied

| | |
|---|---|
| Nkosi sikelel'iAfrika | |
| Maluphakanyisw' uphondo lwayo | isiXhosa |
| Yizwa imithandazo yethu | |
| Nkosi sikelela, thina lusapho Iwayo. | isiZulu |
| Morena boloka setjhaba sa heso | |
| O fedise dintwa le matshwenyeho | |
| O se boloke, O se boloke setjhaba sa heso | |
| Setjhaba sa South Afrika – South Afrika. | Sesotho |
| Uit die blou van onse hemel | |
| Uit die diepte van ons see | |
| Oor ons ewige gebergtes | |
| Waar die kranse antwoord gee. | Afrikaans |
| Sounds the call to come together | |
| And united we shall stand | |
| Let us live and strive for freedom | |
| In South Africa our land. | English |

Ons vlag:



Fred Brownell het ons nasionale vlag ontwerp. Dit is op Vryheidsdag, 27 April 1994, die eerste keer gebruik. Daar is mense wat dink dat die kleure spesiale betekenis het, maar dit is nie waar nie. Ons vlag se kleure is groen, swart, wit, rooi, goud en blou. Suid-Afrika se vlag is die enigste vlag in die wêreld wat ses kleure het. Rooi moet altyd bo wees, anders is die vlag onderstebo.

Ons landswapen




Suid-Afrika se nuwe landswapen is op Vryheidsdag, 27 April 2000, gebruik. Die leuse op ons landswapen !ke e:/xarra/ke is ‘n Khoisan woord. Dit beteken uiteenlopende mense verenig (diverse people unite).

( Verwerk uit: Feiteboek)

Vrae:

<table>
<tr><td>1.</td><td>In watter jaar is Nkosi Sikelel'iAfrika geskryf?</td><td>(1)</td></tr>
<tr><td>2.</td><td>Wie het Nkosi Sikelel'iAfrika geskryf?</td><td>(1)</td></tr>
<tr><td>3.</td><td>In watter taal is Nkosi Sikelel'iAfrika geskryf?</td><td>(1)</td></tr>
<tr><td>4.</td><td>Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en antwoord neer.<br><br>Die Stem van Suid-Afrika is deur 4.1 ( Langenhoven / Sontonga ) geskryf en 4.2 ( Mphalele / Mqhayi ) het nog sewe strofes by Nkosi Sikelel'iAfrika geskryf.</td><td>(2)</td></tr>
<tr><td>5.</td><td>Wanneer is Die Stem van Suid-Afrika geskryf?</td><td>(1)</td></tr>
<tr><td>6.</td><td>Uit watter twee liedere bestaan ons volkslied vandag?</td><td>(2)</td></tr>
<tr><td>7.</td><td>Hoeveel tale word vandag in ons volkslied gebruik</td><td>(1)</td></tr>
<tr><td>8.</td><td>Kies die woord in KOLOM B wat pas by die frase in KOLOM A. Skryf slegs die nommer en letter neer.<br><br>
<table>
<tr><th>Kolom A</th><th>Kolom B</th></tr>
<tr><td>1. Waar die kranse antwoord gee.</td><td>A. Sesotho</td></tr>
<tr><td>2. Maluphakanyisw' uphondo lwayo.</td><td>B. isiZulu</td></tr>
<tr><td>3. Setjhaba sa South Africa, Suid-Afrika.</td><td>C. Afrikaans</td></tr>
<tr><td>4. In South Africa our land.</td><td>D. isiXhosa</td></tr>
<tr><td></td><td>E. Engels</td></tr>
</table></td><td>(4)</td></tr>
<tr><td>9.</td><td>Op watter datum is ons landsvlag die eerste keer gebruik?</td><td>(1)</td></tr>
<tr><td>10.</td><td>Van watter nasie kom die leuse van die landswapen?</td><td>(1)</td></tr>
<tr><td>11.</td><td>Wie het ons nasionale vlag ontwerp?</td><td>(1)</td></tr>
<tr><td>12.</td><td>Wat maak Suid-Afrika se vlag anders as ander lande?</td><td>(1)</td></tr>
<tr><td>13.</td><td>Hou jy van Suid-Afrika se vlag? Gee 'n rede vir jou antwoord</td><td>(2)</td></tr>
<tr><td>14.</td><td>Verduidelik die leuse van ons landswapen "uiteenlopende mense verenig" in jou eie woorde.</td><td>(1)</td></tr>
</table>

**Totaal 20**

**Memorandum**

| Nr. | Antwoorde | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | 1879 | 1 | 1 |
| 2. | Enoch Sontonga | 1 | 1 |
| 3. | isiXhosa | 1 | 1 |
| 4. | 4.1 Langenhoven<br>4.2 Mqhayi | 2 | 1 |
| 5. | 1918 | 1 | 1 |
| 6. | Nkosi Sikelel'iAfrika en Die Stem | 2 | 2 |
| 7. | vyf | 1 | 3 |
| 8. | 1. c<br>2. d<br>3. a<br>4. e | 4 | 3 |
| 9. | 27 April 1994 | 1 | 1 |
| 10. | Khoisan | 1 | 3 |
| 11. | Fred Brownell | 1 | 1 |
| 12. | Enigste vlag in die wêreld wat ses kleure het. | 1 | 2 |
| 13. | Ja – enige aanvaarbare antwoord.<br>Nee – enige aanvaarbare antwoord | 2 | 5 |
| 14. | Mense met verskillede kulture / gewoontes / belangstellings kom saam/ staan saam. | 1 | 5 |